# Malusi en die Badmonster


Storie deur Leo Daly
Illustrasies deur Magriet Brink



Elke woord wat volg, is waar – belowe. Op my erewoord. As ek lieg, eet ek 'n vlieg!

Ek en my ouer suster, Zandi, speel graag in die tuin. Ons slof in die modder rond en grawe diep gate.

Zandi is erger as ek. Ek maak net my hande en voete vuil. Zandi is vuil van kop tot tone. Haar hare en haar arms word vuil. Selfs haar neus word vuil.



Mamma sê: “Dis badtyd, julle twee!”

Maar Zandi wil nie inkom nie. “Malusi,” sê sy vir my, “ek bly net hier!”





Maar ek hou van al daardie seepborrels. Ek skrop my voete skoon. Ek skrop en skrop. Dit voel so lekker.

Dan kom Zandi binne. “Malusi,” sê sy, “is jy nie bang vir die Badmonster nie?”

“Daar is nie so iets soos ’n Badmonster nie,” lag ek.

“O, ja, daar is,” sê Zandi. “Dit kom deur die propgaatjie en het drie arms en vier oë en. En daar is niks waarvan die Badmonster meer hou as om skoon kinders op te vreet nie.”

Goed, nou is ek net ’n bietjie bang. Dalk is daar regtig ’n Badmonster.

Zandi glimlag breed, “Reg, Malusi. Geniet jou bad!” Sy stap by die badkamer uit en gaan reguit bed toe.

“Moenie bang wees nie, Malusi,” sê ek vir myself. “Daar is nie so ’n ding soos ’n Badmonster nie.”





En toe gebeur dit! Eers hoor ek ’n sagte gorrelgeluid. Toe is daar ’n gepiep en ’n suiggeluid en ’n swoesj. En skielik skiet iets uit die propgaatjie op: DIE BADMONSTER!

Voor ek enigiets kan doen, knip die Badmonster sy vier groot oë en sê in ’n diep, waterige stem: “Jy is nie die vuil enetjie nie. Dis mos jou suster, nie waar nie? Sy sê altyd nare goed van my – wat nie waar is nie. Nie een van die Badmonsters eet graag kinders nie.”

“O, nie?” sê ek baie verlig.

“Glad nie,” lag die Badmonster. “En die Toiletmonster en Stortmonster eet ook net vuil kinders, wat gaan slaap sonder om te bad!”

O, nee! Wat van Zandi!



“Ons het nie tyd om te mors nie,” sê die Badmonster. “Skep ’n glas water uit en hardloop so vinnig jy kan na Zandi se kamer toe.”

Ek kom net betyds daar aan – die Bedmonster is net mooi gereed om vir Zandi in te sluk. “Gee pad, monster!” skree ek. Toe gooi ek die water oor my suster uit.





Dis reg. Ek het Zandi van die Bedmonster gered! En dis presies wat ek vir Mamma vertel wanneer sy vra waarom ek ’n glas water oor my suster uitgegooi het. Ek weet nie of sy my glo nie. Maar elke enkele woord is waar – belowe. Op my erewoord. As ek lieg, eet ek ’n vlieg!

**WEES KREATIEF!**

Teken ’n prent van Zandi wat baie vuil en bang lyk. Teken ’n skrikwekkende monster wat langs haar staan. Teken ’n praatborrel vir die monster en skryf daarin wat jy dink die monster vir Zandi gesê het.

Nal'ibali-pret

# Malusi en die Badmonster

Deur Leo Daly • Illustrasies deur Magriet Brink

## Visueel

Teken 'n prent van hoe jy sou gelyk het as jy saam met Zandi en Malusi in die modder gespeel het.

## Lees

Dink oor wat in die storie gebeur het en beantwoord die vrae. Soek na besonderhede in die storie om jou te help.

- Dink jy Zandi glo aan die Badmonster?
- Wat dink jy het sy vir Malusi gesê toe hy die glas water oor haar uitgooi?
- Dink jy Malusi se ma het hom geglo toe hy verduidelik hoekom hy die water oor haar uitgegooi het?

## Skryf

Maak 'n identikit vir die Bedmonster. Teken 'n prent van hoe hy lyk en beskryf dan hoe hy lyk, watter geluide hy maak en waar hy woon sodat enigiemand wat hom sien, hom onmiddellik sal herken.

## Handwerk

Hoe dink jy lyk die Toiletmonster en die Stortmonster? Gebruik herwonne material soos eierboksies, botteldoppe, kartondose, toiletrolle, handdoekpapierrolle wat aanmekaar vasgeplak is, verf en papier en maak 'n Toiletmonster en 'n Stortmonster.

## Speel toneel

Vertel 'n snaakse storie oor glibberige seep en was.